Februarie 2022

# Stellenberger

## ’n Jaar gevul met hoop

Deur: Ds. Nelis Janse van Rensburg



**Nelis Janse van Rensburg stuur die volgende boodskap namens die moderatuur van die Sinode van Wes-Kaapland.**

Die nuwe jaar het vol hoop aangebreek. Ons het immers drome oor geleenthede om lief te hê en liefgehê te word. Ons het drome van geleenthede om God se genadegawes te ontvang, om geluk en vrede te beleef, om sukses te behaal, om saam met ander sin en betekenis aan die lewe te gee.

Ons droom dalk van ’n tyd wanneer die koronavirus nie meer so ’n groot impak op ons almal sal hê nie. Daar is baie wat droom oor ekonomiese herstel, meer werksgeleenthede, of die kans om te kan studeer en bekwaam te word vir die lewe.  Maar ons hoop gaan oor meer as net die verwagting dat ons drome gaan waar word. Al ons drome gaan immers nie noodwendig realiseer nie. Vir gelowiges is die dieper hoop om gefokus te wees op die onafwendbaarheid van die koms van God se koninkryk. En die koms van die koninkryk word nie bepaal deur die getal mense se drome wat waar word nie. Die koninkryk van God kom selfs wanneer drome misluk. Dikwels juis te midde van die wroeginge van ons bestaan, breek God se lig deur, word sy heerlikheid aanskou, word sy versorging gevoel, word sy troos ’n werklikheid en sy koningskap sigbaar.

My gebed is dat jy op talle maniere die koms van God se koninkryk in hierdie jaar sal waarneem. Dat jy gereeld op die koninkryk sal afkom soos op ’n skat, onverwags. Dat jy sy koninkryk weer en weer in ontvangs sal neem wanneer sy heerskappy sigbaar en tasbaar word. Mag hierdie jaar vir jou vol tekens van hoop wees. Mag die hoop wat in jou leef jou telkens vorentoe neem. Mag jou drome en die hoop op die koms van die koninkryk van God, al meer één word.

Ons het met soveel hartseer gedurende die vakansie afskeid geneem van ds. Maryke van Niekerk van Calvinia. Baie drome het met haar dood aan skerwe gespat.

Vervolg op bl.2 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 1

Ons treur oor haar heengaan, maar nie soos mense sonder hoop nie. Ons bid in hierdie tye vir haar man, seuntjie, ouers en almal wat vir haar lief was, vir troos en baie openbaringe van die koms van God se koninkryk daagliks in hulle lewe.

Mag 2022 vir jou en vir God se kerk 'n jaar vol koninkryksverrassings wees.

| Ds. Nelis Janse van Rensburg is moderator van die Algemene Sinode van die NG Kerk.

# Ons klankman behaal sukses in Hollywood

**Gideon Murray is sedert Junie 2021 die gemeente se klankingenieur. Lidmate het dalk al die kalm donkerkopman agter die klankbord opgemerk. Bo en behalwe sy werk as klankingenieur, komponeer en vervaardig hy boonop musiek.**



Hy is 'n talentvolle musikant wat bykans enige musiekinstrument kan bespeel, en in die snaar- en klawerinstrumentfamilie is daar letterlik nie 'n weergawe wat hy nie suksesvol kan tokkel nie.

Gideon vertel dat die musiek wat hy komponeer en vervaardig, gereeld in advertensies of TV-programme gebruik word. Ongeveer 300 van sy musiek- produksies is al suksesvol in plaaslike programme en advertensies benut.

"Ek het nou vir die eerste keer internasionale blootstelling ontvang toe een van my komposisies in die film Redeeming Love gebruik is. Dit is 'n film met 'n Christelike inslag en gebaseer op een van Francine Rivers se boeke. Ek is baie opgewonde oor die mylpaal en hoop dit kan vorentoe vir my nog geleenthede in die internasionale filmbedryf ontsluit. Ek vervaardig ook vir ander kunstenaars albums en my besigheid se naam is Katalyst Movie Productions."

Gideon is getroud en die pa van twee dogtertjies en 'n seuntjie, wie se ouderdomme van een tot sewe jaar wissel. Hy vertel dat sy vrou spesialiteitskoeke bak, wat soos kunswerke in hulle eie reg vertoon. Die kreatiewe egpaar woon saam met hulle kinders in Boston.

Ons is baie gelukkig om Gideon in ons midde te hê en wens hom alle voorspoed met veral sy musiekloopbaan toe.

# Tien vrae aan Johan Visser

**1. Hoe gaan dit met die Vissers in Stellenberg?**

Ek en Nicola het gedurende die ag maande wat ons verhuising na Stellenberg voorafgegaan het, gereeld gebid dat ons gesin 'n spreekwoordelike sagte landing in Stellenberg sal ontvang. Ek kan vandag getuig dat ons deur baie genade en die hulp van baie mense toe werklik 'n "sagte landing" hier beleef het. Ons is oral hartlik ontvang en hulp en ondersteuning is uit verskillende oorde vir ons aangebied. Vir die kinders is die aanpassing in die nuwe skool maar 'n uitdaging. My oudste dogtertjie, Ava-Jane, was byvoorbeeld in 'n meisieskool in Bloemfontein en moet nou aan 'n baie groter opset gewoond raak. Ek is dankbaar dat sy deel kon raak van die atletiekspan. Ek hoop dat elkeen van hulle mettertyd 'n ruimte sal vind waarbinne hulle tuis sal voel en die geleentheid sal hê om hul potensiaal te ontwikkel.

**2. Wat was vir julle van die grootste aanpassings terug in die Kaap?**

Alhoewel ek 'n oud-Kapenaar is, skud 'n mens nie sommer die Vrystaat se stof van jou lyf af nie. Ons het in Bloemfontein in die Woodland Hills Wildlife Estate gewoon. Dit is 'n groot natuurreservaat met 'n pragtige landskap waar die wilde diere in die reservaat ongehinderd tussen huise beweeg. Daar woon ongeveer 4 500 mense in die reservaat en die gemeente waar ek werksaam was, is ook in die landgoed geleë.

Ons het dus 'n baie rustige leefstyl gelei. Verkeer en stadsgeraas was glad nie deel van ons verwysingsraamwerk nie, maar om bokke rondom jou huis te sien, was 'n alledaagse verskynsel. Dit is dus vir ons 'n groot aanpassing om weer in 'n stad te woon met al die woelinge wat aan die stadslewe gekoppel is.



**3. Hoe gaan dit met Nicola en haar soektog na werk?**

Nicola het werk gekry by die NG Kerk Wes-Kaapland se kantoor in Bellville. Ons was baie bekommerd oor werksgeleenthede vir haar en toe word ons weer geseën met die pos wat by die Diaconia-kantoor beskikbaar was. Dit is 'n administratiewe pos, maar dit pas goed by Nicola se vorige werkservaring as maatskaplike werker, aangesien die Diaconia ook die sinodale kantoor se barmhartigheidsbediening verteenwoordig. Sy het reeds ingeval en geniet die nuwe werksomgewing.

**4. Wat lyk sommer vanuit die staanspoor vir jou baie anders hier in Stellenberg in vergelyking met jou vorige gemeente?**

Die Woodlands Hill Gemeenskapskerk bestaan al ongeveer 11 jaar en is binne die natuurreservaat waar ons gewoon het, geleë. Dit is 'n baie kleiner en ook 'n baie jonger gemeente as Stellenberg.

Vervolg op bladsy 4 . . .

Daar het ek sommer met my fiets huisbesoek gedoen en wanneer die kos in die veld min geraak het, het daar soms Sondagoggende 'n paar kameelperde om die kerk gedwaal. Ek vermoed dit is nie iets wat ek hier by Stellenberg-gemeente op die terrein sal aantref nie!

Maar op 'n meer ernstige noot – die bediening by Woodlands Hill Gemeenskapskerk was baie meer informeel en minder gestruktureerd as wat die gemeentebediening in Stellenberg is. Daar was byvoorbeeld een oggenddiens en lidmate het 'n baie informele en ongestruktureerde aanslag verkies.

Daar is minder interessante dinge om in die Vrystaat te doen wat tot gevolg gehad het dat lidmate na die eredienste by mekaar se huise bymekaargekom het, of saam in die veld gaan stap het. Alle aktiwiteite was gerig op families en gesinstyd was vir die meerderheid lidmate ook 'n groot prioriteit.

**5. Wat gaan die fokusareas van jou bediening in Stellenberg-gemeente wees?**

My fokus gaan beslis familiebediening wees met die klem op die vestiging van huisgeloof. Ek glo my rol as leraar is nie om geloofsvorming by kinders te vestig nie, maar om elke ouer toe te rus om hulle eie kinders in die proses van geloofsvorming te begelei. Huisgeloof en die teologie van die tafel is begrippe waarna ek baie gaan verwys.

**6. Hoe lyk die bedieningsprogram wat jy graag wil implementeer?**

My bedieningsprogram is op vier pilare geanker:

Venootskap – tussen ouers en die kerk.

Ouerskap – ouers moet toegerus word om hulle kinders op hulle geloofspad te begelei.

Mentorskap – ouers kan mekaar mentor en by mekaar leer.

Vriendskap – ons behoort nie net aan God nie, maar ook aan mekaar.

**7. Hoe sal jy jouself kortliks beskryf?**

Ek sê altyd ek is 'n onderontwikkelde introvert. Niemand glo my nie, want ek is baie lief vir mense en een van my groot liefdes is juis om na mense se stories te luister, maar my batterye herlaai wanneer ek tyd het vir refleksie en meditatiewe nadenke.

Ek verkies 'n kontemplatiewe vorm van spiritualiteit waarbinne ek my gedagtegang op God kan fokus. Dit is dus vir my belangrik om myself by tye af te sonder sodat ek kan stil word en geleentheid het tot nadenke.

**8. Jy is baie musikaal en skryf self musiek. Wie is jou gunstelingmusikant?**

Dit is vir my 'n baie moeilike vraag om te beantwoord, want ek het net te veel gunstelinge. Ek gaan dit makliker maak en myself beperk tot plaaslike kunstenaars en dan moet ek sê Danie du Toit, van die Spoegwolfgroep. Ek het as jeugleraar in die Paarl vir Danie leer ken en het groot bewondering vir sy ongelooflike kreatiwiteit, maar ook vir die feit dat hy in die eerste instansie 'n baie nederige mens is.

**9. Hoe vergelyk Durbanville-omgewing se bergfietsroetes met die Vrystaat s'n?**

Ek het nog nie geleentheid gehad om vreeslik baie roetes te verken nie, maar in Durbanville is daar natuurlik bulte wat 'n rare verskynsel in die Vrystaat is. Die landskap verskil ook. Hier word jy deur wingerde omring, terwyl die landskap in die Vrystaat meer uit grasvelde bestaan.

**10. Hoe gaan julle gesinsaktiwiteite verander noudat julle in die Kaap woon?**

Dit voel vir ons asof ons voor 'n skatkis vol ontdekkings te staan gekom het. Die Wes-Kaap bied soveel diverse aktiwiteite en ons is opgewonde om dit alles te verken. 'n Kabelkarrit tot bo-op Tafelberg is eerste op ons doenlysie, gevolg deur 'n besoek aan die Twee Oseane Akwarium.

Ons het ook baie ou vriende in die Kaap en is baie opgewonde om weer dié verhoudings te hervat.

# Hanno Ackerman zegt gedag en begint een nieuwe fase in Nederland

Ds. Hanno Ackerman beëindig teen einde Februarie sy bediening as jeugleraar in Stellenberg-gemeente. Stellenberger het met hom gesels oor die groot avontuur wat hy en Liaan, sy vrou, nou gaan aanpak.



**Julle verlaat die land en jy gaan terselfdertyd 'n groot loopbaanverandering maak. Vertel ons meer oor die tipe werk wat jy in Amsterdam gaan doen en vir wie jy gaan werk.**

Ek gaan vir 'n maatskappy met die naam Accenture werk. Dit is 'n internasionale maatskappy wat spesifiek fokus op bestuurskonsultasie, asook tegnologiese veranderings en ontwikkeling binne besighede en organisasies. Ek gaan as 'n change manager werk. Die kantoor is in Amsterdam, maar die kliënte is oor die hele Europa versprei. Ek sien dus baie uit daarna om tydens my kontak met kliënte ook nuwe plekke te verken. Ek besef dat dit 'n baie groot loopbaanverandering is, maar nadat ek my MBA-graad voltooi het, het ek besef dat 'n mens jou roeping om met mense te werk by verskeie instansies kan uitleef.

**Dit is 'n groot stap om jouself te ontwortel en na 'n ander land te verhuis. Wat is tans julle grootste onsekerhede oor die verandering?**

Ons grootste uitdaging is die min tyd wat ons het om die verhuisingsproses te behartig. Gelukkig help die maatskappy vir wie ek gaan werk ons met die verhuising en behoort die proses redelik glad te verloop. Ons grootste onsekerheid lê in die nuwe manier waarop ek en my vrou ons onderskeie beroepe moet aanpak. Ons besef dat die verskuiwing van om vir die kerk te werk na 'n korporatiewe werksplek, baie meer tyd van my gaan verg en dit gaan 'n impak op ons verhouding hê. Gelukkig is ons baie aanpasbaar en sien terselfdertyd ook baie uit na die uitdagings wat ons nuwe lewe in Nederland ons gaan bied.

**Wat dink jy gaan jy en Liaan die meeste van Suid-Afrika mis?**

Liaan gaan verseker haar familie die meeste mis. Sy het in 'n baie hegte familiekring grootgeword en met my verhuising Kaap toe was dit vir my ook baie lekker om deel van so hegte ondersteuningsnetwerk te wees. Ek en Liaan vertrou ook dat ons weer 'n hegte ondersteuningsnetwerk in Nederland sal vestig. Gelukkig vir beide van ons families is ons net 'n deurnagvlug, of 'n video-oproep ver weg, met boonop bykans geen tydverskil nie.

Vervolg op bladsy 6 . . .

**Waarna sien julle baie uit?**

Ek en Liaan is baie lief daarvoor om te toer. Ons kan dus nie wag om die hele Europa te ontdek nie. Dit moontlikheid om op ’n trein te spring en met die afklim sommer ’n nuwe taal en kultuur te beleef, is baie opwindend. Persoonlik sien ek ook baie uit na die werk, juis omdat ek met groot organisasies en die proses van verandering gaan werk. Ons het ook ’n paar vriende en vriendinne in Nederland en ons sien daarna uit om as ’n groep Suid-Afrikaners in ’n park te sit en te kuier.

**Ons hoor tot die hond gaan saam Nederland toe. Watter ander items gaan ook saam wat vir julle onmisbaar is?**

Ons het ons hond, Titus, deur die DBV aangeneem en nou gaan hy ’n Nederlandse hond word. Ou Titus en ons kat is baie lief vir mekaar en altwee gaan saam.

Ons voel dat die diere vir ons ’n stuk bekendheid en ’n huislike element in ons nuwe tuiste sal bied. Dit is ongelukkig net ’n ingewikkelde en duur proses om met diere te trek. Ons gaan stap tans byna elke dag met Titus en in Nederland sal ons hom maar langs die fiets laat saamdraf.

’n Ander onmisbare item, wat ook saamgaan Nederland toe, is ons eetkamertafel. Ons het die tafel spesiaal laat maak om in ons huis se eetkamer in te pas en dit is by dié tafel waar ons tydens die grendeltyd gewerk het en waar ons ook saam eet en vriende en familie onthaal. Dit is ’n stukkie van ons lewe in Suid-Afrika wat ons graag saam met ons wil neem. Dan natuurlik ons tuimeldroër omdat ons weet Nederland se weer is onvoorspelbaar. Die res moet nog uitgesorteer word.

**Jy was nou sewe jaar in die bediening, waarvan drie en ’n half in Stellenberg was. Watter lesse of ervarings in die bediening het deel van jou lewe geword en jou gevorm?**

Ek dink daar is twee lesse wat ek altyd saam met my sal neem:

- Die eerste is dat roeping net ’n woord is. Ek het my lewe lank geworstel oor die feit dat medestudente by die teologiese fakulteit gepraat het asof roeping iets is wat God by hulle bewerkstellig het en daarom wou hulle ’n dominee word. Ek het eers toe ek in die bediening gestaan het, begin besef dat ek geroepe is om dit wie ek is en wie God my gemaak het, te wees en uit te leef. Ek is lief daarvoor om met mense te werk en het ’n passie om mense te begelei in die vorming van nuwe denke en aanpassings. Dit is ook hoe ek weet dat my nuwe loopbaan steeds deel bly van my roeping, want dit is wie ek is.
- Die tweede is dat om te luister is meer belangrik as om te praat. As leraar het ek besef dat mense verwag dat ek sekere goed moet weet en dat ek dan vanuit my kennis moet praat. Ek het egter vinnig geleer dat daar lidmate en ander mense is wat meer as ek weet, mense wat langer en dieper spore getrap het met politieke kwessies, armoede en verandering. Dit help soms om te sê “ek weet nie”, eerder as “ek het die antwoord”.

Dit was werklik vir my ’n voorreg om tydens my bediening in jongmense se lewens ’n rol te speel. Dit was vir my wonderlik om op die rugbyveld en die atletiekbaan te staan en te sien hoe kinders ontwikkel, hoe hulle meer inklusief begin dink en optree en mekaar opbou en saam groei. Dit was ’n voorreg om deel van hierdie prosesse te wees.

**Dink jy dat jou ervaring as ’n predikant vir jou in jou nuwe werk van waarde gaan wees?**

Verseker, ek glo my ervaring om saam met mense ’n pad te stap, is iets wat vir my van waarde gaan wees elke keer as ek by ’n nuwe projek betrokke raak. Alhoewel die kerkstruktuur kleiner en verskillend is van dié waarin ek myself voortaan gaan bevind, sal die lesse wat ek in verhoudings by die kerk geleer het, steeds van groot waarde in die korporatiewe omgewing wees.

Vervolg op bladsy 7 . . .

. . . vervolg vanaf bladsy 6

**Liaan is 'n onderwyseres in natuurwetenskappe by Curro Hoërskool. Wat beoog sy om in Nederland te doen?**

Liaan wil voortgaan met haar loopbaan. Sy is te lief vir haar werk om dit prys te gee. Om vir haar stabiliteit te skep, maar ook om die vryheid te hê om haar nuwe omgewing te verken, wil sy graag betrokke raak by aanlyn onderrig. Sy sal moontlik ook by 'n internasionale skool in Nederland inskakel sodra ons gevestig is.

**Het julle al 'n idee by watter kerk in Nederland julle sal inskakel?**


Van ons vriende wat in Nederland woon, is reeds by kerkgemeenskappe betrokke. Ons sal waarskynlik dan ook by een van dieselfde kerke inskakel. Ons sal egter steeds Stellenberg se eredienste aanlyn kyk sodat ons kontak met die gemeente behou.

**Wat is jou droom vir Stellenberg se jeugbediening op die pad vorentoe?**

My droom is dat daar op die huidige energie in die bediening voortgebou sal word en dat daar kontinuïteit sal wees waarbinne kinders/tieners 'n veilige ruimte sal beleef. Ek bid ook dat die bediening sy verantwoordelike teologiese styl sal behou, waarbinne kinders, tieners en jongvolwasse lidmate aangespoor word om die Bybel verantwoordelik te lees. Verder hoop ek dat die aanddienste steeds jong ouers en jong volwassenes wat die kontemporêre styl van kerkwees geniet, sal verwelkom. Laastens bid ek dat jong lidmate belydenis van geloof sal aflê, nie omdat hulle verplig voel nie, maar omdat hulle werklik deel wil wees van 'n gemeenskap van gelowiges.

My droom is dat die jeugbediening sal floreer en dat ons jong lidmate 'n tuiste in Stellenberg-gemeente sal vind.

# Hartlik welkom aan Anneke



**Anneke Serfontein is sedert 1 Februarie onder andere daarvoor verantwoordelik om die kerkkantoor se ontvangs te beman. Sy was voorheen ongeveer sewe jaar by die Stellenberg Ondersteuningsentrum werksaam.**

Anneke is nie alleen 'n pragtige vrou nie, maar het ook 'n energieke, vriendelike persoonlikheid en word altyd met 'n breë glimlag gesien.

Haar grootste liefde is manlief, Theuns en hulle twee spruite Mieke (13 jaar oud) en Tian (10 jaar oud). Die Serfonteins woon in Sonstraalhoogte. Anneke se gunstelingtydverdryf is om kwaliteittyd saam met haar gesin en vriende deur te bring en sy is versot op bonkige, kleurvolle oorbelle.

By die kerkkantoor geniet sy die interaksie met haar kollegas en veral met die lidmate en sy is altyd te vinde daarvoor om die dag met 'n paar blinkertjies op te vrolik!

Kom maak gerus kennis met Anneke.

# Stellenbergers is plesierig, dit kan julle glo . . .



Karen Visagie, die gemeente se geleentheidskoördineerder, is saam met haar regterhand, Lindy van Wyk de Vries, baie opgewonde oor die nuwe jaar wat voorlê.

"Ons voel optimisties omdat dit lyk asof die koronaviruspandemie se kloue tog besig is om te verslap en met die verskuiwing van Covid-regulasies na vlak 1, is ons opgewonde om weer vir die tradisionele feesgeleenthede wat jaarliks aangebied word, te beplan," vertel Karen en Lindy.

Eerste op die lys is die basaar wat op Vrydag 4 Maart om 15:00 afskop. Daar gaan 'n groot verskeidenheid kos en drinkgoed wees met hope pret vir die jongspan en selfs 'n bietjie vermaak vir die volwassenes.

Karen en Lindy nooi gemeentelede om saam te kom kuier en van die groot verskeidenheid etes soos kerrie-en-rys, hamburgers, worsbroodjies, roosterkoeke en lekker braaivleis met slaai wat voorgesit sal word, te geniet. Tradisionele basaarlekkernye soos pannekoek, poeding en spookasem sal ook aangebied word. Kinders sal bo en behalwe skryfskiet, kratte klim en ander speletjies, ook geleentheid kry om hulle hand te waag aan die versiering van hulle eie kolwyntjies.

"Ons het helpers nodig om van die basaar 'n sukses te maak. Kom help ons asseblief vir 'n uur of twee," vra Lindy. "Indien jy bereid is om jou hulp aan te bied, kontak my asseblief by lindy@stellenberg.co.za."

Die Vosburg-Karookuier word ook vir die eerste Vrydag in September beplan. "Dié boeregemeenskap kry soos almal weet die laaste paar jaar ontsettend swaar," sê Karen. "Die hoë voorkoms van diefstal het ook tot gevolg dat boere nie meer hulle plase onbewaak kan laat nie. Gevolglik sal daar nie soveel Vosburgers wees wat hulp by dié kuiergeleentheid kan aanbied nie. Ons sal moet staatmaak op ons eie lidmate se hulp om van die geleentheid 'n sukses te maak, maar die hele Vosburg-komitee is daarvan oortuig dat die gemeente se ondersteuning aan die Vosburgers vir ons 'n prioriteit moet bly."

Laaste, maar nie die minste nie, is natuurlik die jaarlikse feesmark. Alles dui daarop dat Stellenberg vanjaar weer 'n volwaardige feesmark sal kan aanbied. Dit beteken dat uitstalruimte aan ongeveer 500 uitstallers toegeken kan word. Planne rakende die terreinuitleg en oor die moontlikheid om weer 'n tent of twee in te span, word tans beraam.

"Ek wil graag vanjaar die kostrokke van verlede jaar met kosstalletjies vervang – amper iets soortgelyks aan die kosstalletjies by die bekende Route 44-mark. Sodoende het besoekers dan 'n groter keuse van kossoorte. Iemand wat sy hand aan die aanbieding van 'n kosstalletjie wil waag, kan my gerus by feesmark@stellenberg.co.za kontak", nooi Karen.

# Stilte word 'n ruimte vir ontmoeting

Deur: Ds. Phlipp Dietmann

Daar is 'n baie ou legende wat vertel van 'n profeet wat op soek was na God. Hy gaan soek God toe op 'n berg en het geduldig gewag dat God by hom verby moet kom. Skielik was daar 'n sterk wind, maar God was nie in die wind nie. Na die wind was daar 'n aardbewing, maar God was ook nie in die aardbewing nie. Na die aardbewing was daar 'n vuur. Maar selfs in die vuur was God ook nie. Na die vuur was daar 'n fluistering in die windstilte – en daar in die fluistering van die windstilte hoor die profeet toe God se stem.

Gelowiges het nog altyd geglo dat stilte die plek is waar ons God ontmoet. Stilte was nog nooit vir gelowiges net die afwesigheid van geraas nie, maar ook 'n ruimte vir ontmoeting. Ek vermoed dat die meeste mense hierdie diep behoefte aan 'n ontmoeting met God het.

Stilte, glo gelowiges, is nie net wanneer die geraas buite ons minder raak nie, maar ook as die lawaai binne ons tot bedaring kom. Sulke oomblikke is heilig. Nie omdat stil oomblikke ons wegneem uit die wêreld nie, maar ons juis dieper die lewe innooi. Stilte bied ons die geleentheid om



te sien en hoor hoe dinge regtig lyk – die realiteit van die lewe in al sy weerlose mooiheid.

Saam met ander medegeloofspelgrims skep ons in Stellenberg so 'n ruimte skep waar ons kan kontak maak met God, onsself en ander mense, om saam te droom oor 'n mooier en meer betroubare wêreld. Dis 'n ruimte van asemskep, maar ook asemhaal. Daarom gee ons erkenning aan elkeen se stories deur met sagte oë na mekaar te kyk. Ons steek kerse aan, luister na ou gebede en musiek en lees 'n Bybelteks saam. Ons nooi alle medepelgrims uit om Sondagoggende by die meditatiewe diens om 09:00 in die kapel of aanlyn aan te sluit om so die geskenk van stilte te ontvang.

**Samesteller:** Sanèl Joubert / **Taalversorging:** Annemarie Spies /

**Bydraes en voorstelle:** sanel@stellenberg.co.za 021 976 4519

NG kerk Stellenberg, Edelweissweg, Eversdal / www.stellenberg.co.za

# Sondagviering is gerig op almal – naby en ver

Deur: Ds. Marius Breytenbach

Ek onthou nog hoe ek in 2020 en 2021 op Sondae alleen kerk toe moes stap om 'n erediens in 'n leë kerkgebou aan te bied, terwyl ons lidmate weens inperkingsmaatreëls tuis na die diens gekyk het. Dit is so besonders om met die enkele Covid-19-maatreëls wat tans geld, weer op Sondae die vreugde van mense wat in die kerk en op die terrein saamkom te kan beleef én terselfdertyd steeds 'n groot aantal kykers deur die internet bereik.

Vanaf 1 Januarie 2022 het ons oggenddienstye en formaat weer teruggeskuif na 09:00, soos voor die Covid-19-inperkingsmaatreëls. Die meditatiewe diens word in die kapel, die familiediens in die kleinsaal en die oggenddiens in die kerkgebou aangebied. Die jeugdiens bly onveranderd en word steeds saans om 18:00 in die kerkgebou aangebied, waarna die tieners in kleingroepe verdeel. Onthou ook dat die kleuterkerk weekliks, tydens skoolkwartale, vir kinders tussen die ouderdomme van 3 tot 5 jaar in die klaskamers van die grootsaal aangebied word. Ouers het die opsie om hulle kinders daar te laat terwyl hulle enige van die oggenddienste bywoon.

Ten spyte van 'n groot aantal mense wat die dienste nou fisies mag bywoon, sal ons voortgaan om op 'n permanente basis eredienste ook op die internet beskikbaar te stel. Ons het goeie navorsing daaroor gedoen en bevind dat ons aanlyn dienste wonderlike nuwe geleenthede skep waardeur ons die gemeente se visie en missie gestand kan doen deur oor grense heen uit te reik. Daar is ook nou 'n beduidende aantal mense wat na meer as een diens kyk en ook verkies om deur die loop van die week van die aanlyn fasiliteite gebruik te maak. Om by die aanlyn dienste uit te kom, kan jy die gemeente se webwerf (www.stellenberg.co.za) besoek en op die eredienste-blokkie op die voorblad



klik, of jy kan Stellenberg-gemeente se YouTube-kanaal besoek. Jy kan ook na die eredienste op jou selfoon kyk deur 'n WhatsApp of Telegramboodskap na 081 045 2428 te stuur. Jy sal dan op Vrydae die skakel na die aanlyn diens op jou selfoon ontvang en kan dan Sondae om 09:00 na die direkte uitsending van die erediens op jou selfoon kyk. Jy kan ook die QR-kode met jou WhatsApp-kamera skandeer en self by die groep aansluit.

Ons nooi almal om na afloop van die dienste saam te kuier. Gratis tee en koffie word op die gras voor die kerk asook in die markplein bedien. Cappucino's en heerlike eetgoed kan in die markplein gekoop word. Die gasvrouens wat elke Sondag die kafeteria beman oortref hulself weekliks met die keurige en smaaklike eetgoed wat hulle verskaf.

Middelmaart open die koffiewinkel Coffee and Crumbs op die terrein, wat aan lidmate nog 'n kuierruimte sal bied. Die Annibrand-juniorgroepe maak om 10:45 klaar en ouers kan die wagtyd gesellig by die kafeteria of koffiewinkel verwyl. Ons rig 'n hartlike uitnodiging aan alle lidmate om by ons Sondagvieringe aan te sluit – dit bring ons nader aan mekaar.

# Tiendemaandinsameling vul ons met dankbaarheid

Deur: Ds. Marius Breytenbach

**Met ds. Callie Visagie se uittrede is ek voortaan by die finansiële kommissie betrokke. Ek is opreg dankbaar teenoor kundige lidmate wat oor die afgelope jare heen hulle vaardighede en kennis van finansiële bestuur met die gemeente gedeel het. Die koronaviruspandemie het die afgelope twee jaar groot eise aan besighede, gesinne, maar veral ook kerke se finansies en vermoë tot finansiële oorlewing, gestel.**

Ons het in 2020 onder leiding van die finansiële kommissie vinnig nuwe begrotings saamgestel en uitgawes drasties besnoei omdat dit voor die hand liggend was dat ons gemeente inkomste ook deur die pandemie geraak sou word.


In 2020-2021 het ons, in die lig van bogenoemde omstandighede, besluit om konserwatief te begroot met die oog op die tiendemaandinsameling. Ons het gehoop en begroot om R930 000 met die spesiale insameling in te vorder en ons verwagtinge is oortref toe die insameling uiteindelik op R1 181 280, met ander woorde R271 820, bo die begrote bedrag, te staan gekom het.

Die onverwagse seën wat ons in 2020-2021 beleef het, het ons toe die moed gegee om 'n bedrag van R1 208 000 vir die 2021-2022-boekjaar se tiendemaandinsameling te begroot. Lidmate se getrouheid en vrygewigheid het ons weereens oorbluf en ons kan met baie groot dankbaarheid bekend maak dat die tiendemaandinsameling weereens die begrote bedrag oorskry het.

Een van ons lidmate, ek sal haar identiteit beskerm, het teen einde Januarie 2022 'n uitdaging aan ander afgetredenes gerig en gevra dat almal wie se beleggings die afgelope jaar goeie groei getoon het, 'n bedrag van R1000 tot die tiendemaandinsameling moet bydra. Dit lyk asof haar uitdaging vrugte opgelewer het, want die tiendemaandinsameling het toe binne die volgende week die begrote bedrag oorskry en staan tans op R1 297 116, 'n stewige R89 116 meer as die begrote bedrag.

Ons is opreg dankbaar teenoor alle lidmate vir elke bydrae. Ons besef dat baie lidmate ook volhou met hulle bydraes ten spyte van finansiële druk wat hul self beleef. Ons onderneem om voort te bou op die gemeente se geskiedenis van verantwoordelike rentmeesterskap en verbind onsself opnuut daaraan om alle spandering met omsigtigheid te benader.

Ek sluit af met die woorde in 2 Korinthiërs 9:10. *God wat saad verskaf om te saai en brood om te eet, sal ook aan julle saad gee en dit laat groei en julle vrygewigheid 'n ryk oes laat oplewer.*



# Om te behoort

Deur: Ds. Marius Breytenbach

**Die gebeure van die afgelope twee jaar het ons miskien by tye van mekaar geïsoleer, maar wat ons geloof betref, het dit juis die teenoorgestelde tot gevolg gehad.**

Ek het met soveel mense gesels wat vertel hoe die uitdagings van die pandemie hulle prakties nader aan God en mekaar gebring het. HIerdie ervaring het hulle tot die insig gelei het om onderskeid tussen die wesenlike sake in die lewe en die onbenullighede te tref.

Wanneer Paulus oor die moeilike en swaarkrytye in sy lewe reflekteer, is dit ook dié denke wat telkens in sy briewe aan die eerste gemeentes resoneer. Dit bring 'n mens nader aan God om te besef dat ons te midde van alles wat in die lewe gebeur, nooit geskei kan word van die Here se genade nie. God se krag kom juis in ons tot werking wanneer ons swak is. Daarom sê Paulus in 2 Korintiërs 12:10: ". . . want as ek swak is, is ek sterk".



en antwoord 1).

Aan wie behoort jy en wat staan jou nou te doen? Hoe is jou eie geloof in die Here die afgelope jare verdiep om tussen dit wat wesenlik en dit wat onbenullig is, te kan onderskei? Waartoe inspireer en motiveer dit jou aan die begin van 2022? Hierdie is die kwessies wat ons saam in die eerste kwartaal van 2022 gaan verken, wanneer ons Sondae tydens ons dienste gedeeltes uit Romeine gaan lees. Mag jy op 'n eenvoudige, maar ook diepsinnige, manier onder die indruk kom waar en aan wie jy behoort.






# Midlynkruising – wat is dit nou eintlik

Deur: Zoné Janse van Rensburg

Midlynkruising is 'n term wat 'n mens deesdae, veral by laerskole, gereeld hoor. Maar wat is dit nou eintlik en hoekom is dit belangrik? Ons liggame word op drie vlakke, in twee helftes verdeel: 'n frontale vlak vir voor en agter; sagitale vlak vir links en regs en transverse vlak vir bo en onder. In die skoolopset sal ons meer spesifiek fokus op die denkbeeldige lyn wat ons liggame in 'n linker- en regterkant verdeel. Midlynkruising sal dus hier beteken dat jou regterhand na jou linkerkant kan oorkruis en ook aan die linkerkant van jou liggaam kan funksioneer, en andersom. Heelwat kinders sukkel egter om hul midlyn te kruis.

Midlynkruising ontwikkel vanuit 'n goed geïntegreerde, gekoördineerde liggaam waar die arms en bene apart én saam op 'n gladde en akkurate wyse kan saamwerk. Dit beteken die linker- en regterkant van die lyf kan saamwerk om verskeie take soos skryf, knip, plak, lyne trek, potlode skerpmaak en blokkies bou suksesvol te bemeester. Dit word bilaterale integrasie genoem.

Funksioneel beteken probleme met midlynkruising dat jou kind moontlik kan sukkel om 'n dominante hand te ontwikkel, aangesien sy/hy met die regterhand aan die regterkant van 'n bladsy sal werk en dan weer met die linkerhand aan die linkerkant van die bladsy. Dit sal uiteindelik ook veroorsaak dat die dominante hand se spiere nie sterk genoeg ontwikkel om aan die vereistes van 'n volle skooldag te voldoen nie. Ander implikasies vir midlynkruising-probleme sluit in dat jou kind kan sukkel om sy tafel se uitleg te beheer. Jou kind sal óf die stoel, óf die boek skuif om aanpassings te maak sodat die midlyn nie gekruis hoef te word nie. Dit het dan tot gevolg dat kinders meer spasie op hul werktafels gebruik. Dit het dan tot gevolg dat kinders meer spasie op hul werktafels gebruik.

Stellenberg TERAPIE Sentrum

Midlynkruising is die fondasie vir die ontwikkeling van 'n linkshandige of regshandige konsep.

Akwitieite wat midlynkruising kan bevorder (toepaslik op enige ouderdom):

- Trek 'n groot renbaan in die vorm van 'n sirkel of die syfer ag. Laat jou kind in die middel sit en gee hom/haar dan opdrag om met 'n karretjie om die baan te ry sonder om sy/haar lyfie te draai of die karretjie na 'n ander hand te verplaas. 'n Ouer kind kan ook die baan met 'n kryt naboots.
- Gebruik 'n lint of tou en laat jou kind dit met sy/haar dominante hand vashou. Vra die kind moet die lint na bo en onder, links en regs, kruis en dwars oor hul liggaam beweeg. Skakel musiek aan en laat hulle dans! 'n Ouer kind kan probeer om die bewegings ritmies op die maat van musiek uit te voer.
- Plaas 'n tennisbal in 'n ou sokkie, of sykous. Laat jou kind met sy/haar rug teen 'n muur staan en die bal dan van kant tot kant swaai sodat die bal agter teen die muur slaan.

Vervolg op bladsy 114 . . .

. . . Vervolg vanaf bladsy 13

- Handeklap-speletjie. Twee mense word benodig vir die speletjie. Die speletjie kom uit toeka se dae waar jy eers reguit vorentoe teen jou maat se hande en dan weer oorkruis hande klap. Kombineer die klaptegniek met ’n rympie, dan raak dit groot pret.

Algemene posisionering van aktiwiteite kan midlynkruising aanmoedig. Maak seker jou kind is in die middel van die taak geposisioneer en gebruik slegs die dominante hand.

Speel met ’n raket of ’n kolf. Laat jou kind die raket met beide hande, of slegs met sy/haar dominante hand vashou wanneer hy/sy die bal moet terugslaan. Vir die ouer kind kan mens ’n teiken plaas wat hul moet probeer tref.

Speel met ’n ballon. Vra jou kind om die ballon met slegs een hand in die lug te hou.

Toutrekspeletjies en soortgelyke proprioseptiewe stimulasie is wonderlik vir midlynkruising, asook om liggaamsbewustheid aan te moedig.

Vir meer inligting of enige ander navrae kan jy gerus vir Zoné Janse van Rensburg, ’n arbeidsterapeut by die Stellenberg Terapiesentrum,

# ’n Nuwe koffiewinkel in die dorp

**Die bouery wat sedert einde November rondom die kerkkantoor woel is nie sonder goeie rede nie. Die eindresultaat van al die gekap en breek is dat die kerkkantoor heelwat verklein is om plek te maak vir ’n splinternuwe koffiewinkel wat die hele omgewing sal bedien.**

Die eienaars van die koffiewinkel, Jessica Vice en Lionel van Rensburg, hoop om hulle deure in Maartmaand vir die publiek te open. Jessica vertel dat sy 11 jaar ondervinding in die restaurantbedryf het en dat sy en Lionel baie opgewonde is om dié nuwe projek van stapel te stuur. Hulle is opgewonde en dankbaar dat hulle die perseel kan benut aangesien hulle oortuig is dat dit die ideale ruimte vir ’n koffiewinkel bied.

Jessica sê dat ontbyt en ligte etes by die koffiewinkel beskikbaar sal wees. Hulle sal in soveel moontlik klante se behoeftes probeer voorsien en seker maak dat selfs vegetariërs en veganiste nie teleurgestel huis toe gaan nie. Daar sal ook ’n paar bekostigbare opsies soos lekker botterbroodjies en



muffins op die spyskaart wees vir diegene wat nie die hand te diep in die sak wil steek nie.

Die koffiewinkel funksioneer heeltemal onafhanklik van die gemeente. Die gemeente ontvang slegs ’n huurinkomste vir die verhuring van die perseel. Coffee and Crumbs sal weeksdae vanaf 07:00 tot 17:00 en ook Saterdae en Sondae vanaf 08:00 tot 13:00 oop wees. Ondersteun gerus dié twee entoesiastiese entrepreneurs.